Hoe om Conquesta inskrywingsvorms in te vul

Dankie vir u deelname aan ons olimpiades.

a) Elke kleur gekodeerde vorm het plek vir 40 studente, en daar is 5 inskrywingsblaaie vir elke graad wat u in staat stel om tot 200 leerders per graad in te vul op hierdie vorm.
b) Dit is per graad kleurgekodeer en doen outomaties die horisontale en vertikale berekenings. Die betalingsadvies word outomaties voltooi en die bedrae sal outomaties bereken word.
c) Kies die korrekte vorm en stoor dit op jou rekenaar onder u skool se naam.
d) Volg die gedetailleerde instruksies hieronder en e-pos die voltooide inskrywingsvorm aan conquest@iafrica.com tesame met u bewys van betaling.
e) Inskrywings sal slegs per epos op ons inskrywingsvorms aanvaar word.
f) Inskrywingsvorms per faks/pos word nie aanvaar nie.

LEES EERS ASSEBLIEF: Instruksies om hierdie vorms te voltooi

1. **Stoor die werkdokument** met u skool se naam en graad, bv., 'Laerskool Kontiki Gr 4-7', op u rekenaar.

2. **'Totale' werkblad (Betalingsadvies)**
Maak die werkboek op u rekenaar oop. Op hierdie 'Totale' werkblad, gebruik die vertikale rolstafie aan die regterkant van die skerm, om opwaarts na die **liggeel-gekleurde deel** te beweeg. **Dit is die enigste deel van die 'Totale' werkblad waar u op die werkblad kan tik.** Tik nou die skool se besonderhede in die toepaslike ruimtes. Gebruik TAB of PYLSLEUTELS om rond te beweeg tussen selle. Die inligting sal outomaties na die volgende werkblaaie (inskrywingsvorms) oorgedra word.

3. **Bv.: 'Gr4-1' werkblad (en alle opvolgende werkblaaie)**
Ons het 5 kleurgekodeerde werkblaaie (Inskrywingsvorms) vir elke graad; met ruimte vir 40 leerders op elke blad. **Die liggeel-gekleurde selle onder die opskrifte vir leerders se name en vak(ke) is die enigste plek waar u kan tik op hierdie kleurgekodeerde werkblaaie. Leerdername MOET in die regte geval getik word, bv., Marie Joubert. Die manier hoe die name op die inskrywingsvorm verskyn is PRESIES hoe dit sal verskyn op die sertifikate.** Dit is nie moontlik om in die drie regterhandse kolomme te tik nie. Met die tik van elke 'X' vir 'n vakinskrywing, word hierdie drie kolomme outomaties bygewerk. Die finale bedrae onderaan hierdie drie kolomme word ook outomaties bygewerk. Gebruik die vertikale rolstafie aan die regterkant van die skerm om op en af te beweeg op die werkblad.

4. **Voorbeeld:** Gebruik die blou-gekleurde werkblaaie as u graad 4-leerders inskryf. Begin op werkblad 'Gr4-1' (graad 4 - bladsy 1). Indien u al 40 ruimtes gebruik het (vir 40 leerders), beweeg u aan na die volgende graad 4 werkblad '4-2' (graad 4 - bladsy 2), ens., totdat al u graad 4 leerders inskryf is. Beweeg aan na die volgende graad en herhaal dit. Moenie enige ongebruikte werkblaai probeer uitvee (delete) nie; dit sal die formules op die 'Totale' werkblad ontwrig. Onthou om u werk voortdurend te stoor!

5. **Heg die voltooide werkboek aan 'n e-pos** saam met 'n afskrif van u bewys van betaling, en stuur dit na conquest@iafrica.com

Die liggeel-gekleurde selle is die enigste plek waar u kan tik op die werkblaaie. Begin op die 'Totale'-blad (Betalingsadvies) met u skoolbesonderhede en dit sal outomaties op elke werkblad verskyn.

Wanneer u vakke vir die leerders op elke werkblad kies, sal die bedrae outomaties bereken en oorgedra word na die 'Totale'-blad.

Bankbesonderhede

Rekeninghouer: Conquesta
Tak: Kloof, Suid-Afrika
Rekeningnommer: 051 802 562

Bank: Standard Bank van S.A.
Tak Kode: 042526